
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [12] 25:31-46 - Die finale oordeel

No.235

Toe daar eenmaal vir die Amerikaanse regsgeleerde en staatsman, Daniel Webster (1782-1852), gevra is wat die mees gewigtige waarheid is waarvan hy weet, was sy antwoord: "Dat ek eendag voor 'n heilige God moet staan om verantwoording te doen oor my lewe."

Presies dit is wat die Here Jesus herhaaldelik in hierdie gelykenisse wil tuisbring. Dit geld veral hierdie laaste een. Dit sal dus goed wees as ons nog 'n keer hieroor besin - nou nie so teksgebonde soos laas keer nie, maar meer in die algemeen.

Nie gewild, maar lewensnoodsaaklik

Sommige mense mag voel dat die onderwerp te neerdrakkend is, dat mens dit lievers moet vermy. Ons is tog hier om opgebou en gebeur te word. Dis vir seker nie 'n tema wat die skares sal lok nie.

Maar God het hierdie dinge geopenbaar sodat ons goed sal kennis neem daarvan - sodat ons gereed sal wees om die ewigheid binne te gaan.

Sekerlik behaag dit die Here as ons met harte wat van vreugde huppel uit 'n erediens stap. En vir diegene wat met God versoen is, is daar genoeg in ons onderwerp om ons met onuitspreeklike blydskap te vul. Maar dis nie net blydskap wat ons Vader behaag nie - ook erns, gebrokenheid en die vrese van die Here.

As mens eenmaal daarna begin oplet, is jy verstom oor hoeveel aandag die Bybel aan die laaste oordeel gee. Kennelik is hier waarhede wat die Gees op ons harte wil inprent.

Ek meen dat mens sonder teenspraak kan sê dat ons komende verskyning voor die Here se regterstoel alles behalwe voorop is in die meeste

kerkmense se gemoedere. Mense wil lievers nie aan die dood dink nie, en nog minder aan die feit dat ons aan die Here sal moet verantwoording doen. Natuurlik konfronteer die dood van bekendes of naasbestaendes ons van tyd tot tyd met die komende ewigheid. Maar dan dink die meeste mense aan die hiernamaals in positiewe terme - of ten minste probeer hulle hulself wysmaak dit gaan aansienlik beter wees as die huidige jammerdal.

Die bekende Amerikaanse teoloog, R.C. Sproul, praat daarom tong in die kies van "regverdiging deur die dood alleen." Vroeër is geleer dat regverdiging deur die geloof kom, maar vandag worstel mense nie meer met die vraag of hulle geloof eg is ten einde gered te word nie. Al wat deesdae nodig is vir die ewige heerlikheid, maak meeste hulleself wys, is om te sterf. Mens word as 't ware geregverdig deur die dood.

Hierdie wydverspreide selfbedrog, enersyds - hierdie naïewe Jan Brand-benadering - en die waarheid van God se Woord, andersyds, verskil soos dag en nag.

As mens die Bybel aandagtig lees, kom staan twee dinge vierkantig voor jou: een, hoe dikwels daar gepraat word oor die laaste oordeel, en twee, hoe ernstig ons op die hart gedruk word om dit nie ligtelik op te neem nie.

Neem byvoorbeeld die aangrypende woorde van Op 20:11-15. Vir die Griekse filosowe in Athene sê Paulus: "God het ... 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het" (Hd 17:30-31). En in Rm 2:5 praat die apostel van "die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek." En so kan ons aanhou. Vgl. byvoorbeeld: Mt 10:15; 11:22, 24; 12:36; 1Kor 4:5; Hb 6:2; 2Pt 2:4; Jd 6.

Maar kom ons bly by die lig wat die profetiese rede van Jesus vir ons op die laaste oordeel werp.

Die oordeel sal volgens werke geskied

Hierdie waarheid is prominent in die Here Jesus se lering. Is daar gewoeker met talente, is daar in liefde

omgesien na diegene in nood? Ensovoorts.

Baie Christene, veral ons protestante, is geskok hieroor. Ontvang ons dan nie redding uit genade alleen sonder die werke van die wet nie?

Natuurlik het Christus geleer dat redding deur geloof alleen geskied. Dink maar aan Sy baie bekende uitspraak in Jh 3: soos die slang verhoog is in die woestyn, so moet die Seun van die mens verhoog word, "sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê" (14-15). Dink maar aan die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar. En so kan ons voortgaan.

Selfs die gelykenis van die tien maagde beklemtoon dit. Want wat het vyf van die meisies ekstra olie laat saamneem? Hulle absolute oortuiging dat die bruidegom inderdaad gaan kom, en hulle intense begeerte om dan saam met hom te gaan. Dit was tog geloof, nie waar nie!

In Sy gelykenisse toon Jesus hoe ware geloof lyk en tot uitdrukking kom. Die hele Nuwe Testament waarsku keer op keer teen vals geloof. En dit dring oor en oor daarop aan dat ons moet seker maak ons het ware geloof. En waaraan ken mens ware geloof? Sonder uitsondering mond dit uit in godsvrug, liefde en gehoorsaamheid! (vgl. Jk 2:14-17).

Soos reeds gesien, sal ons goeie werke eendag dien as watermerke van die egtheid van ons geloof. Ons word nie deur werke gered nie, maar as daar nie werke is nie, is daar ook nie redding nie - want dan was daar nooit geloof nie, want ware geloof mond altyd uit in goeie werke.

Nog 'n perspektief wat ons gelykenisse in hierdie verband gee, moet ons nie miskyk nie. Nie almal ontvang dieselfde gawes, oftewel roeping nie. Laat ons dus versigtig wees om onself met ander Christene te vergelyk. Nie almal van ons laai ewe veel hooi nie, want ons vurke is nie almal ewe groot nie. Daarom gee die Here vir ons verskillende take.

Laat ek en jy dus maar net getrou bly daar waar die Here ons geplaas het. En laat ons Rm 14:4 onthou: "Wie is jy om oor iemand anders se bediende te oordeel? Sy eie werkgewer sal oordeel of hy goed doen of nie. Maar hy sal goed doen; daarvoor sal die Here sorg."

Blote verskonings sal nie opgaan nie

Die lui eentalenter is vol verskonings. En die liefdelose bokke het kwansuis nie geweet nie. Maar hulle verskonings sal die Regter nie beïndruk nie.

Die kerke is steeds vol mense met die mooiste verskonings. "Ek glo in die uitverkiesing; waarom sal ek dan evangeliseer? As ons dan deur geloof alleen geregverdig word, kan goeie werke mos nie só belangrik wees nie; trouens, mens moet waak teen wettisisme en dwepery. My werk hou my só besig dat ek by niks anders kan uitkom as kerk toe gaan op 'n Sondag nie. Die meeste armes is arm, omdat hulle lui en sleg is; mens moet hulle allermens in hulle kwaad sterk."

En so hou die verskonings aan en aan.

Ons mag onself oortuig met ons verskonings. En die mense om ons mag beïndruk wees daarmee. Maar die groot Regter kyk dwarsdeur ons. As Hy daarom die eentalenter sleg en lui noem (25:26), is dit presies wat hierdie man was. En as Hy die bokke herinner dat die "geringstes" heeldag en aldag oor hulle pad gekom het (25:45), sal Hy voorts vir hulle sê: "Kom nou, kom nou, het julle regtig gedink dat julle verstandelike vermoëns en bevoorregte posisies te danke was aan julle eie verdienste, en dat die armes gewoon net sleg was? Het julle regtig gedink dat julle materiële seëninge gegee is sodat julle dit kon uitmors op weelde en gemak en plesier - eerder as om dit met diegene in nood om julle te deel? Gaan weg van My af!"

Nog 'n vers wat ons nie moet vergeet nie, is Rm 3:19, waar Paulus ons daaraan herinner dat die hele wêreld voor God aanspreeklik is (NIV) en dat niemand op daardie dag sal kan wegkom met patetiese verskoninkies nie.

Baie verrassings op daardie dag.

Ons sien dit in al die gelykenisse. Die vyf dwase meisies kan nie glo dat hulle toelating tot die fees geweier word nie. Die een wat sy roeping begrawe het, is stom verbaas dat sy slim plan nie óók beloon

word nie. En die bokke sê hulle het nie geweet nie, en dalk was hulle regtig só besig met hulle eie ding dat hulle grootliks onbewus was van die nood om hulle.

Is dit nie 'n skrikwekkend akkurate sketsing van sovele in die kerke van ons dag nie? Tienduisende sit elke Sondag die kerkbanke vol, salig onbewus daarvan dat hulle oppad is na die ewige verdoemenis! Hoe sal die dominee met al sy vleitaal hulle dan nou mislei? Maar niemand in sulke kerke sal strenger geoordeel en veroordeel word as juis sulke suspredikers nie. Moenie verbaas wees as daar eendag net soveel predikante en priesters in die hel is, as in die saligheid nie!

O, hoe ernstig moet ons nie Petrus se woorde in sy tweede brief opneem nie! (1:3-13).

Permanent, absoluut en ewig

Die Here skets nie 'n bloot tydelike verdeling tussen die skape en die bokke nie. Nee, dis finaal en onomkeerbaar vir ewig. En dis die verskil tussen hemel en hel, tussen onbeskryflike vreugde en onuitspreeklike smarte - tot in die verste, verste ewigheid.

Laat ons die belangrikheid van die feit dat ál vier die gelykenisse op hierdie noot eindig, nie onderskat nie.

Voorwaar, onverantwoordelik in die ergste graad is die man, vrou of kind, wie se lewe nie beheers word deur die onontkombare feit van die finale oordeel nie.

Waarlik, Daniel Webster se antwoord het getuig van wonderlike nugterheid en wysheid.

Slot

Onthou, toe die Seun van God destyds gekom het, het die mense Hom as die Leeu verwag wat die Romeine moes verdryf. Toe kom Hy as die Lam van God - met die tragiese gevolg dat meeste Hom nie herken het nie.

Ek dink nie ek is verkeerd as ek sê dat meeste

van diegene wat vandag in 'n wederkoms glo, die Seun as die Lam van God verwag nie. Maar die Bybel is duidelik: Hy gaan as die oordelende en oorwinnende Leeu kom! Sal jy een van diegene wees wat met blydschap, dankbaarheid en aanbidding jou knieë in herkenning en erkenning voor Hom buig?

Hoe kan ek afsluit sonder 'n ernstige beroep op een en elkeen van ons om onself ernstig voor die aangesig van die Here te ondersoek of ons in die geloof is (2Kor 13:5). Is jou geloof ég. Toon jou lewe dit duidelik?

Ek is seker daarvan dat die meerderheid van ons - indien nie almal nie - grondige rede tot verootmoediging het. Kom ons doen dit nou.

En as daar iemand is wat weet dat hy of sy nie gereed is om voor die regterstoel te verskyn nie, is dit nou die tyd om jou sake met God reg te maak! As jy vrae het, en dalk hulp en begeleiding soek, vind so gou as moontlik iemand betroubaars wat jou in waarheid kan help en begelei.

Onthou, die uitverkiesing of God se soewereiniteit staan in niemand se pad wat in opregtheid na versoening met God verlang nie. Die uitnodiging van die Bybel se vyfde laaste vers staan vaster as die berge vir een en elkeen wat na die water van die lewe smag:

*Die Gees en die bruid sê: "Kom!"
En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!"
En elkeen wat dors het, moet kom;
elkeen wat die water van die lewe wil hê,
moet dit kom kry - verniet!
(Openbaring 22:17)*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; (vanaf 1 Okt 2012: Postnet Suite No. 148, Privaatsak X 1, Northcliff, 2115).
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906